# SONDAGSKOOL LES: My Prentjie versus God se prentjie

**Doel van les:**

- Ons leer meer oor Wie ons is in Christus.

**Ysbreker: Real or Fake PPT**

Ons het verlede week gepraat oor my identiteit in Christus, m.a.w, wanneer ek die dag my lewe vir Jesus gee – WIE is ek dan – HOE lyk ek dan, WAT sien God wanneer Hy na my kyk. Nou wat het hierdie ysbreker nou daarmee te doen? ALLES!! Die prentjie wat jy van jouself het, en wat God van jou het is anders, dit het ons verlede week gesien met die 2 bome wat julle geteken het, so ons kan eintlik sê dat die een prentjie van jou real is, en die ander prentjie fake. Partykeer is daar 'clues' weggesteek wat jy net moet leer om raak te sien / of te lees. Die prentjie wat GOD van jou het, is die REAL prentjie, en die een wat JY van jouself het is die FAKE een.

**Groepwerk:** Hoeveel van die dinge wat jy verlede geleer het van hoe God ons sien, kan jy onthou?

(Gee vir groepe so 5 minute om vinnig neer te skryf wat hulle onthou)

GOD SE PRENTJIE VAN JOU:

- God het jou self gemaak;
- God het jou lief;
- God het 'n plan met jou lewe;
- Jy is kosbaar vir God;
- Jy is belangrik vir God;
- God het jou sondes vergewe;
- God het jou gered uit die vyand se kloue;
- God ken JOU naam;
- God noem jou Sy kind, Sy eiendom;

Vrae in groepe:

**Vraag 1:** Hoekom dink JULLE lyk die 2 prentjies van jou anders, die een wat JY het van jouself, en die een wat God van jou het?

(Moontlike antwoorde: jy glo nie dit wat God oor jou sê nie, die satan vertel vir jou 'n klomp leuens rondom dit, jy verstaan nie mooi hoe dit werk nie, jy het nie al die inligting nie, dis te groot vir ons om werklik te verstaan.)

**Vraag 2:** Nou hoe nou gemaak, HOE gaan ons dit regkry om hierdie prentjie wat ons van onsself het met God se prentjie te vervang?

(Antwoord: daar is net EEN plek waar ons dit kan kry, en dit is in God se Woord – Die Bybel. Hoe meer ons die Bybel lees, hoe meer gaan ons dit sien, en hoe meer ons dit sien, hoe meer gaan ons dit glo. Ons gaan natuurlik ook bid en die Heilige Gees vra om ons te help om dit te glo, hierdie prentjie wat God van ons het versus ons prentjie.)

Ons gaan volgende week bietjie uit die Bybel werk sodat julle presies kan sien wat bedoel word met die prentjie wat ons van onsself het vervang met God se prentjie.

Sluit af met gebed in groepe.